



2021

# Geïntegreerde Jaarverslag

DIE FEDERASIE VAN BEHEERLIGGAME  
VAN SUID-AFRIKAANSE SKOLE









2021

# Geïntegreerde Jaarverslag

DIE FEDERASIE VAN BEHEERLIGGAME  
VAN SUID-AFRIKAANSE SKOLE



Inhoudsopgawe	bladsynommers
INLEIDING EN OORSIG	4
FEDSAS se benadering tot verslagdoening	4
Termyn gedek in hierdie verslag	4
Sleutelkonsepte, afkortings en verklarende terme	4
Teikengehoor	5
Kontakbesonderhede en terugvoering	5
VOORWOORD: NASIONALE VOORSITTER	6
VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE HOOF	8
VAN 'PLATSAK, DERDERANGSE DEBATSVERENIGING' TOT BETEKENISVOLLE ORGANISASIE: MY VOËLVLUGHERINNERINGE	10
WAARDETOEVOEGING	16
Wie is FEDSAS?	16
Kernwaardes	16



Waarvoor staan FEDSAS?	17
Wat doen FEDSAS vir jou?	18
Nasionale voetspoor	19
Beheerstrukture	20
Nasionale Raad	22
Komitees	22
WESENLIKE ASPEKTE	23
FEDSAS SE KOMPETERENDE LANDSKAP	24
Fokusarea: Opleiding	24
Fokusarea: Bewusmaking	26
Fokusarea: Navorsing	28
Fokusarea: Groei ledetal	30
Fokusarea: Fondswerwing en verhoudingsbestuur	31
Fokusarea: Goeie korporatiewe bestuur	32
FINANSIËLE STATE	33

# INLEIDING EN OORSIG

## FEDSAS se benadering tot verslagdoening

FEDSAS aanvaar die King IV™-verslag oor Beheer vir Suid-Afrika, 2016, as die brondokument oor dít waaruit goeie beheer bestaan.

Hierdie geïntegreerde jaarverslag gee terugvoering oor, en bied 'n vooruitskouing van, die organisasie se verbintenis tot goeie beheer en hoe dit grondslag vind in sy aktiwiteite. Die doel van die verslag is om aan alle belanghebbendes, intern en ekstern, 'n oorsig en insig te bied oor die nie-finansiële en finansiële stand van sake in terme van FEDSAS se strategiese doelwitte. Sodoende word belanghebbendes in staat gestel om die organisasie se prestasie en volhoubaarheid te evalueer. FEDSAS wil met hierdie verslag aan belanghebbendes wys hoe die organisasie waarde toevoeg tot die Suid-Afrikaanse samelewing, en veral die onderwyssektor.

## Termyn gedek in hierdie verslag

Hierdie geïntegreerde jaarverslag bied 'n oorsig oor FEDSAS se werksaamhede vir 2021, asook die finansiële jaar 2020.

## Sleutelterme, afkortings en verklarende terme

**Wesenlike aspekte:** Alle aangeleenthede, aspekte en aktiwiteite relevant tot die organisasie se waardetoevoeging. In terme van die riglyne van Internasionale Raad vir Geïntegreerde Verslagdoening is 'n organisasie se impak op verskeie kapitale wesenlik of relevant slegs indien dit 'n beduidende invloed het op die beskikbaarheid, gehalte en bekostigbaarheid van kapitale waarop die organisasie steun, indien dit interne en eksterne belanghebbendes se persepsies van die organisasie op so 'n wyse beïnvloed dat dit besigheidsgevolge het of indien dit ander strategiese waarde inhou. Die organisasie se impak kan positief, negatief of neutraal wees.

## FEDSAS: Die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole

**Organisasie sonder winsbejag:** 'n Organisasie wat nie 'n winsoogmerk najaag nie, wat insluit 'n organisasie wat opgerig is as 'n maatskappy ingevolge die Maatskappywet 71 van 2008 ('n maatskappy sonder winsbejag), 'n statutêre liggaam, trust of vrywillige vereniging, ongeag of dit ingevolge die Wet op Organisasies sonder Winsbejag 71 van 1997 as 'n organisasie sonder winsbejag of ingevolge die Wet op Inkomstebelasting 58 van 1962 as 'n openbareweldaad-organisasie tot stand gebring is

**Skolewet:** Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996

**Wet op Nasionale Onderwysbeleid:** Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996

**Wet op Indiensneming van Opvoeders:** Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998

## Teikengehoor

Die inligting in hierdie verslag is gemik op die behoeftes van huidige en toekomstige belanghebbendes en beleggers met langtermyn-belang by die organisasie.

## Kontakbesonderhede en terugvoering

Terugvoering oor die inhoud en struktuur van hierdie verslag sal FEDSAS in staat stel om sy verslagdoeningspraktyke voortdurend te verbeter.

Nasionale kantoor: 051-522 6903

E-pos: [info@fedsas.org.za](mailto:info@fedsas.org.za)

Webwerf: [www.fedsas.org.za](http://www.fedsas.org.za)



# VOORWOORD: NASIONALE VOORSITTER



Dr. Shaun Mellors

Verandering is altyd 'n uitdaging. Soms kom dit onverwags, soos die Covid-19-pandemie, en soms is daar tyd om daarvoor te beplan. Tye van verandering bly egter tye van aanpassing. Vir FEDSAS het 2021 die soort verandering gebring waarvoor beplan kon word, met die aftrede van die gerespekteerde Paul Colditz as uitvoerende hoof aan die einde van Oktober en die aanstelling van die dinamiese Jaco Deacon as nuwe uitvoerende hoof. Hoewel min eintlik verander wat FEDSAS se funksionering betref, is dit steeds 'n nuwe tydvak in die bestaan van die organisasie.

Nog 'n uitdaging is om die woorde te vind om erkenning te gee aan Paul se bydrae tot FEDSAS. Onder sy leierskap het FEDSAS die afgelope 14 jaar gegroei tot die gerekende organisasie wat dit vandag is. Intern is die organisasie sterk in terme van bestuur en beheer, finansiële sekerheid en 'n kundige en vaardige personeelkorps. As eksterne rolspeler in die groter onderwyssektor is FEDSAS die leier in skoolbeheer en -bestuur in Suid-Afrika en geniet die organisasie ook internasionale erkenning vir sy innoverende benadering tot sy kerntaak, naamlik die toerus van skoolbeheerliggame. Die dryfkrag agter hierdie sukses en groei is die FEDSAS-span. Een van die mees uitstaande kenmerke van Paul se termyn as uitvoerende hoof is sy merkwaardige vermoë om die regte mense vir die FEDSAS-span te identifiseer. Elke lid van die FEDSAS-span is met die hand uitgesoek vir hul passie vir onderwys en hul unieke talente, kennis en ervaring.

Om die leierskap van so 'n hoëprestasie-span oor te neem, mag lyk na 'n maklike taak. Dit verg egter 'n leier wat 'n omgewing kan skep waarin hierdie prestasievlakke selfs verder kan groei sonder om gehalte in te boet. In Jaco het ons só 'n uitvoerende hoof; iemand wat vir meer as 'n dekade reeds 'n sleutelrol in FEDSAS speel. FEDSAS is 'n baanbreker in vele opsigte, maar veral in terme van die visie wat die organisasie het om vroeg reeds te beplan vir die uitdagings van die Vierde Industriële Revolusie (4IR). Jaco is die ideale leier

om FEDSAS vorentoe te neem om die voordele van 4IR te benut en sodoende seker te maak dat FEDSAS 'n volhoubare en dinamiese diens lewer.

Die uitdagings van die Covid-19-pandemie was vir FEDSAS ook 'n bevestiging dat die organisasie aanpasbaar is en dat elke uitgesoekte en passievolle spanlid, die struktuur, die werkswyse en uiteindelik ook die visie en missie van FEDSAS dinamies genoeg is om vinnig en doeltreffend op die onverwagse te reageer.

Met hierdie geïntegreerde jaarverslag gee die Nasionale Raad van FEDSAS erkenning aan die stewige grondslag wat Paul gelê het. Terselfdertyd bevestig die Raad sy vertroue in Jaco se vermoë om, tesame met ons toegewyde span se individuele kundigheid en ervaring, op hierdie grondslag voort te bou en die organisasie verder uit te brei. Die inhoud van hierdie geïntegreerde jaarverslag dien as bewys van hoe FEDSAS vanjaar met die minste moontlike ontwrigting van ratte kon verwissel sonder om prestasie in te boet.

'n Geïntegreerde jaarverslag vertel die verhaal van hoe 'n organisasie waarde toevoeg in ses kapitale, naamlik finansiële kapitaal, vervaardigde kapitaal, mensekapitaal, sosiale en verhoudingskapitaal, intellektuele kapitaal en natuurlike kapitaal. Hierdie geïntegreerde jaarverslag bied 'n oorsig van FEDSAS se aktiwiteite gedurende 2021 en vertel die verhaal van hoe verandering 'n geleentheid is om waardetoevoeging te verhoog en om nie te probeer om terug te keer na "Normaal" nie, maar na "Beter"; om te beweeg van "Beter na die Beste". Om terug te kyk op talle uitstekende jare van groei en uitbreiding is 'n voorreg, maar met geloof in ons span, hoop in ons vermoë om uitdagings die hoof te bied en 'n liefde vir onderwys en ons wonderlike land moet ons eenvoudig glo dat ons beste jare nog voorlê.

Dr. Shaun Mellors:  
Nasionale voorsitter

# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE HOOF



Dr. Jaco Deacon

Hierdie geïntegreerde jaarverslag lyk so 'n bietjie anders as gewoonlik omdat ons hulde bring aan Paul Colditz en sy groot bydrae om FEDSAS as organisasie te lei tot waar ons vandag is. Paul deel die “FEDSAS-storie” en belig ons waardes in hierdie verslag. Dit was egter ook 'n propvol jaar vir FEDSAS omdat ons beheerliggaamverkieping en beheerliggaamopleiding gehad het. 2021 het ook nie Covid-19 se beperkinge, onsekerhede en realiteite ontsnap nie, hoewel ons die jaar beter voorbereid ingegaan het.

Ons harte treur oor oud-FEDSAS kollegas wat vanjaar weens Covid-19 oorlede is en ons onthou vir Rector Manganye (Gauteng), Lewellin Brown (Wes-Kaap) en ds. Kiepie Jafta (Noord-Kaap). Ons dink ook aan etlike lede van beheerliggame, skoolhoofde, opvoeders, leerders en ouers wat vanjaar hul lewe tydens die pandemie verloor het. Covid-19 het ook 'n swaar las op die geestelike en emosionele welstand van elkeen geplaas en ons het 'n ongekende aantal sterfgevallen van jong leerders in ons skole beleef. Hiermee ons opregte meegevoel aan elkeen wat hierdeur geraak is.

Die 2021-SBL-verkieping kan sekerlik as die mees chaotiese beheerliggaamverkieping onder die SA Skolewet beskryf word. Hoewel 'n nasionale taakspan kliphard vir drie jaar aan nasionale riglyne vir die verkieping gewerk het, en met FEDSAS se insette voorsiening gemaak het vir elektroniese verkiepings, het die meeste provinsies die skole gefaal om tydig relevante regulasies te publiseer en amptenare hierin op te lei. FEDSAS se personeel moes bontstaan om skole in hierdie tyd te ondersteun.

Die beheerliggaamopleiding is gewoonlik 'n hoogtepunt en die saamtrekke van nuwe beheerliggame om opleiding te kry skep lekker samehorigheid, maar weens die tweede en derde vlag van Covid-19 kon geen massabyeenkomste plaasvind nie. Die beplanning was dat 80% van ons opleiding digitaal sou plaasvind en 20% in die vorm van byeenkomste, maar dit het vinnig 'n 100% digitale projek geword. Ons

ateljeeopnames en uitsendings was deurslaggewend. Ons het ook vir die eerste keer 'n skoolspesifieke induksie ingebring wat gevolg het op FEDSAS se induksie op skoolbeheer om die belangrike interaksie tussen beheer en bestuur te onderstreep. Daarna is vyf kern-onderwerpe aangespreek waarvan elke lid van die beheerliggaam moet kennis dra, gevolg deur 15 webinare oor verskillende onderwerpe van skoolbeheer en -bestuur. Opleiding bly een van FEDSAS se belangrikste dienste aan ons lede en ons sien uit daarna om mekaar in 2022 weer van aangesig tot aangesig te kan sien.

Ons het vanjaar 'n ongekende aantal vergaderings (elektronies) met die Minister van Basiese Onderwys, die nasionale departement en provinsiale departemente gehad. Hoewel amptenare nog nie die digitale vergaderingplatforms optimaal benut nie, skep dit steeds vir ons 'n goeie kanaal vir direkte kommunikasie en 'n geleentheid om verhoudinge te bou. Dit bly belangrik dat FEDSAS as vennoot in onderwys met die departement saamwerk om die grondwetlike reg tot onderwys vir elke kind te laat realiseer.

Ons groet vanjaar vyf staatmakers in onderwys, wat deur hul roemryke loopbane uitmuntende diens aan die kinders van ons land gelewer het. Ons salueer elkeen – baie dankie Paul Colditz, Henry Botha, Fernando Tallie, Hennie Pretorius en Ronel Borman.

Dis bykans ondenkbaar om FEDSAS te noem en nie dadelik aan Paul Colditz te dink nie. Paul was vir die laaste 24 jaar op verskillende maniere deel van FEDSAS se strukture, waarvan die laaste 14 jaar as uitvoerende hoof. Brand Pretorius skryf: “Effective leaders are visionary, principled, inspirational and of critical importance, they have mastered the skill of execution. They get the job done!” Ek kan Paul nie beter as dit opsom nie.

Paul se bydrae om onderwys en veral onderwysreg te ontwikkel is eenvoudig enorm en die stelsel sou veel armer daarsonder gewees het. Paul leef sy waardes en het gedurende sy loopbaan kliphard geveg vir die regte van elke kind in die land en net so hard geveg vir die regte van ouers om direkte inspraak in die onderrig van hul kinders te kry. Ons eer hom vir sy reuse-rol in onderwys, maar spesifiek vir sy rol in FEDSAS. Die beste manier om erkenning aan Paul te gee, is om voort te gaan met die werk wat hy in FEDSAS begin het. Ons is die leier in skoolbeheer en- bestuur. Baie dankie, Paul – geniet die nuwe lewensfase. Ons dra hierdie verslag aan Paul op.

'n Groot deel van FEDSAS se sukses is toegewyde en kundige mense. Dankie aan elke personeellid, provinsiale raadslid, lede van FEDSAS se komitees en die Nasionale Raad. 'n Spesiale woord van dank en waardering aan dr. Shaun Mellors, voorsitter van die Nasionale Raad, vir sy leiding en noue betrokkenheid by die organisasie.

Dit bly 'n groot voorreg en net so 'n groot verantwoordelikheid om op 'n skool se beheerliggaam te dien. Sonder die duisende vrywilligers wat op beheerliggame dien, is daar ook nie openbare skole nie – so saam met die gelukwensing met die verkiesing, ook baie sterkte met die taak. Dankie vir die belangrike werk wat julle en elke opvoeder en nie-opvoeder in ons lidskole verrig.

FEDSAS se tema vir 2022 is “Mense maak die verskil”. Ons fokus op die uitrol van ons bloudruk, ontwikkeling, innovasie en veerkragtigheid en sien uit daarna om mekaar weer te kan sien.

Dr. Jaco Deacon  
Uitvoerende hoof

# VAN 'PLATSAK, DERDERANGSE DEBATSVERENIGING' TOT BETEKENISVOLLE ORGANISASIE

## My voëlvlugherinneringe

### Paul Colditz

FEDSAS, toe nog SAFSOS (Suid-Afrikaanse Federasie van Staatsondersteunde Skole), is in 1993 as 'n federale vereniging gestig. Dit beteken dat grootliks outonome provinsiale verenigings wat elk hul eie name gehad het, by die nasionale struktuur affilieer het. Uit KwaZulu-Natal was daar selfs twee verenigings wat geaffilieer was – die een 'n meer suidelike vereniging en die ander in die noorde van die provinsie. In daardie stadium was wyle dr. Hennie van Deventer van Pretoria die nasionale voorsitter van die organisasie. SAFSOS het geen eie bron van inkomste gehad nie en moes op bydraes van die provinsies staatmaak om te kon bestaan. Later het die organisasie wel finansiering van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO) ontvang omdat die staatsondersteunde skole in daardie stadium die werkgewers was van alle onderwysers in daardie sektor. Dit het so gebly tot die Suid-Afrikaanse Skolewet in 1996 op die wetboek verskyn het en alle onderwysers wat deur die staat befonds is, weer staatsamptenare geword het. Dit het die einde van befonding vir die organisasie uit daardie bron beteken.

Met die oorgang na 'n nuwe staatkundige bestel in 1994 was dit natuurlik die uitgesproke oogmerk van die nuwe regering om net een nasionale onderwysstelsel tot stand te bring in plaas van die toe bestaande 18 verskillende stelsels. Die implementeringsdatum hiervoor was 1 April 1995, maar in effek het daar toe ook tien stelsels tot stand gekom deurdat, buiten vir die nasionale departement, elk van die nege provinsies ook sy eie stelsel gekry het wat tot 'n baie groot mate outonoom funksioneer wat lewering van onderwys betref. Oorkoepelende onderwysbeleid word weliswaar nasionaal bepaal maar uitvoering van beleid en lewering van onderwys geskied op provinsiale vlak met elke provinsie wat ook sy eie skoolonderwyswet het.

Die proses om die hele onderwysstelsel te hervorm het begin onmiddellik nadat die nuwe regering in 1994 tot stand gekom het. Nuwe wetgewing wat die nuwe stelsel moes daarstel, is voorafgegaan deur sogenaamde witskrifte waartoe die publiek genooi is om insette te lewer. Die eerste van hierdie witskrifte (Witskrif 1) se finale weergawe is op 15 Maart 1995 gepubliseer. FEDSAS, toe nog in die gedaante van SAFSOS, het aktief deelgeneem aan die proses om kommentaar te lewer op die konsep-witskrif wat vooraf vir openbare kommentaar gepubliseer is. Ek was in daardie stadium bloot net voorsitter van wat toe bekend gestaan het as die bestuursraad van 'n laerskool in die staatsondersteunde skolestelsel en het namens daardie bestuursraad omvattende kommentaar op die witskrif gelewer. Dit was my eerste betrokkenheid in onderwys op nasionale vlak.

In Witskrif 1 is 'n advieskomitee in vooruitsig gestel om die nuwe minister te adviseer oor hoe skole georganiseer, beheer en befonds moet word. Die komitee onder voorsitterskap van prof. Peter Hunter het later wyd as die Hunter-komitee bekend geword. Dr. Hennie van Deventer was lid van daardie komitee.

Die aanbevelings van hierdie komitee is met enkele uitsonderings deur die minister aanvaar en het uiteindelik gelei tot die publikasie van Witskrif 2 in Februarie 1996. Hierdie witskrif het uitsluitlik gehandel oor 'n nuwe bedeling vir skole en het meer bepaald gehandel oor die organisasie, beheer en befondsing van skole.

Daar is toe begin met die skryf van 'n nuwe wet vir skoolonderwys vir die hele land. Vir hierdie doel het die minister weer 'n komitee saamgestel ondervoorsitterskap van advokaat (later regter) Eberhard Bertelsmann. Dié komitee het 'n uitdagende taak gehad want nie net moes 'n nuwe wet opgestel word nie; daar was ook die kwessie van omvattende onderhandeling wat moes plaasvind. Die rede vir hierdie omvattende onderhandelingsproses is te vinde in artikel 247 van die Tussentydse Grondwet van 1993. Daardie artikel het onder meer daarvoor voorsiening gemaak dat geen regte en bevoegdhede van skoolbeheerliggame soos dit toe bestaan het, gewysig of ingekort sou word sonder dat daardie beheerliggame nie geraadpleeg is nie. Dit het gelei tot groot vergaderings wat regdeur die land gehou is onder leiding van lede van advokaat Bertelsmann se span. Tydens hierdie vergaderings, waarna verteenwoordigers van alle skole in die land genooi is, is 'n konsepwet tot almal se beskikking gestel waarop kommentaar gelewer kon word. Ek het, gewapen met volledige kommentaar en voorstelle, die vergadering in Bloemfontein bygewoon wat deur advokaat Bertelsmann self gelei is.

Afsonderlik van hierdie proses is ek op die bestuur van die Vrystaatse Vereniging van Staatsondersteunde Skole (VESOS) gekoöpteer. VESOS was geaffilieer by SAFSOS en op hierdie wyse het ek toe ook op nasionale vlak by SAFSOS betrokke geraak en lid geword van wat as die federale raad bekend gestaan het.

Die besef dat die hele skoolstelsel in Suid-Afrika op die punt was om te verander en dat daar voortaan weggedoen sou word met die begrip "staatsondersteunde skole" en wat vervang sou word met die begrip "openbare skole" het die federale raad genoop om die naam van die organisasie te verander. Op voorstel van Johan de Jager, toe die ondervoorsitter, is eers op die akroniem FEDSAS besluit. Dit het gestaan vir "Federasie van Provinsiale Verenigings van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Openbare Skole" - 'n lompe en lang naam maar wat tog algemeen aanvaar is.

Ek is uiteindelik saam met dr. Van Deventer deur die federale raad afgevaardig om namens FEDSAS die Portefeuljekomitee vir Onderwys in die Parlement te gaan toespreek en om kommentaar te lewer op die nuwe konsepwet vir skoolonderwys, wat bekend sou staan as die Suid-Afrikaanse Skolewet. Aan die einde van die voorafgaande raadplegingsproses het adv. Bertelsmann die opmerking gemaak dat FEDSAS naas die departement die enkele grootste bydrae gelewer het tot die samestelling en inhoud van die Skolewet. Die aanvaarding van die Skolewet en daarmee saam wysigings aan die indiensneming van opvoeders, het beteken dat beheerliggame hul posisie as werkgewers van staatsbesoldigde onderwysers verloor het en daarmee saam natuurlik ook die toelae wat vanaf RAVO gekom het. Die federale struktuur van FEDSAS was plagsak en het geen inkomste gehad nie.

Op 27 April 1998 is ek in die plek van dr. Van Deventer tot nasionale voorsitter van FEDSAS verkies. Die verkiesing was vir my 'n verrassing en ek was nie regtig daarop voorbereid nie. Al die betrokkenes by FEDSAS was in daardie stadium vrywilligers en FEDSAS het geen werknemers gehad nie. Anders as wat die geval met dr. Van Deventer was, het ek besef dat ek nie 'n uitvoerende voorsitter sou kon wees nie omdat ek nog 'n veeleisende voltydse beroep beklee het. Ek het dus dadelik voorgestel dat FEDSAS op nasionale vlak 'n vrywillige uitvoerende beampte moes kry. Daar was geen geld om iemand te betaal om selfs deelyds die taak te verrig nie.

Die nasionale struktuur het geen direkte inkomste gehad nie en was afhanklik van affiliasiegeld wat drupsgewys en vrywillig deur provinsiale verenigings betaal is. Ek het dus toe ook reeds begin voorbrand maak vir die ontbinding van die provinsiale verenigings en die daarstelling van 'n unitêre nasionale organisasie. Eers moes die vermoë van provinsies egter opgebou word en ek het besef dat dit slegs sou

kon gebeur as daar op provinsiale vlak permanente personeel aangestel sou word. So het dit gebeur dat FEDSAS in die Vrystaat die voortou geneem het met die aanstelling van 'n eerste provinsiale bestuurder in die persoon van wyle Hennie Cronjé. Uiteindelik het al die provinsies buiten Gauteng gevolg en elke provinsie het 'n voltydse bestuurder gekry. Hul besoldiging was maar uiters skraps want steeds was daar nie veel geld nie en natuurlik ook geen vaste salarisstruktuur nie. Die bestuur van FEDSAS in Gauteng, wat heftig gekant was teen opgaan in 'n unitêre stelsel en prysgawe van hul selfstandigheid, het uiteindelik in 2005 weggebreek van FEDSAS en hul eie organisasie gestig.

In 1998 het die destydse minister eensydig regulasies vir die daarstel en toekenning van onderwysposte in provinsies afgekondig. Dit het ook gepaard gegaan met 'n stel regulasies vir die rasionalisering en herverdeling van onderwysposte aan skole. Dit het groot ongelukkigheid onder onderwysvakbonde tot gevolg gehad en vir die eerste keer in die geskiedenis het al hierdie vakbonde met 'n staking gedreig indien die minister die regulasies nie sou terugtrek nie. FEDSAS het die vakbonde se ongelukkigheid gedeel en het ook sy stem gevoeg by die aandrag dat die regulasies teruggetrek word. Dit het uiteindelik tot 'n vergadering tussen FEDSAS en die minister gelei waartydens ek voorgestel het dat 'n forum in die lewe geroep word waarin FEDSAS, die ministerie en die departement gereed kon ontmoet om gemeenskaplike sake te bespreek en probleme te probeer oplos. Die minister het die voorstel aanvaar en sodoende is die Nasionale Raadplegende Forum tot stand gebring.

Die lank-gekoesterde droom van 'n unitêre organisasie is in November 2006 verwesenlik toe die destydse federale raad 'n nuwe grondwet aanvaar het. Dit was 'n langdurige proses want al die provinsies moes eers by wyse van ledevergadering in elk van die provinsies (buiten Gauteng) oortuig word van die voordele van 'n unitêre organisasie, die prysgawe van provinsiale selfstandigheid en oordrag van die karige bates waarvoor hulle beskik het.

By hierdie geleentheid is Mike Randell as die nuwe voorsitter gekies en ek as deeltydse uitvoerende hoof aangewys. 'n Begroting met 'n verwagte verlies van ongeveer R500 000 is ook goedgekeur.

Die raakste beskrywing van FEDSAS in die tydperk voor November 2006 het vir my gekom van een van die destydse federale raadslede. Hy het die FEDSAS van daardie jare as "a penniless backroom debating society" beskryf toe hy dit met die FEDSAS van ná November 2006 vergelyk het.

Die proses van bou aan 'n nuwe unitêre organisasie het hierna volstroom begin; bates en personeel is oorgedra en aangestel en vir die eerste keer het FEDSAS ook 'n nasionale administratiewe beampte in die persoon van Ona Heckroodt aangestel. Mettertyd het Jaco Deacon as nasionale bedryfsbestuurder en Suzaan Mellett (toe nog Van der Merwe) as navorsings- en beleidsbeampte aangesluit. In die hoogbloei van die groeiproses het die totale personeelkorps tot byna 50 personeellede gestyg.

Nog 'n droom wat uiteindelik bewaarheid is, was die aankoop in 2011 van 'n eie gebou om as nasionale kantoor te dien. Die gedagte om 'n ontwikkelings- en uitreikarm vir FEDSAS te skep het gelei tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Onderwysontwikkelingstrust (SAOOT). Die gebou is in die naam van SAOOT gekoop en FEDSAS het dit gehuur en befonds. 'n Skrale vyf jaar vantevore is 'n begroting met 'n aansienlike verlies goedgekeur; nou kon die lening om die gebou aan te koop binne 'n enkele jaar afbetaal word by wyse van 'n lening wat FEDSAS aan SAOOT beskikbaar gestel het.



Innovasie en ontwikkeling van FEDSAS se tegnologiese hulpbronne en vaardighede het nuwe horisonne oopgemaak. Toe inperkings weens die Covid-19-pandemie in Maart 2020 'n nuwe werklikheid geword het, was FEDSAS in staat om soomloos met dienslewering en opleiding voort te gaan en selfs op vorige pogings te verbeter. Digitale vergaderings en geleenthede is onmiddellik begin en het gelei tot 'n groter voetspoor.

FEDSAS se invloedseer het al meer betekenisvol geword. Ná jare se pogings is provinsiale raadplegende forums soortgelyk aan die Nasionale Raadplegende Forum ook op FEDSAS se inisiatief tot stand gebring om die invloed daar waar dit die meeste saak maak, die provinsiale onderwysdepartemente, ook voelbaar te kan uitoefen.

Die uitdrukking “culture eats strategy for breakfast” word aan die bestuurskundige Peter Drucker toegeskryf. Strategie, groei, ontwikkeling en invloed beteken niks as dit nie onderlê word deur karakter nie. Ten diepste word karakter gevorm uit beginsels en etiese waardes. Die proses om 'n etiekkode vir FEDSAS te ontwikkel wat as riglyn moet dien vir alle strategieë en aksies van die organisasie was 'n inklusiewe en langdurige proses van raadpleging en uiteindelijke inkoop deur alle betrokkenes.

My afskeidswens vir FEDSAS is dat daardie etiese waardestelsel alle aktiwiteite van die organisasie en die persoonlikheid en aksies van elkeen betrokke by die organisasie sal bly bepaal.

Paul Colditz  
November 2021



# MEESTER, MENTOR, MENS

## Só sal FEDSAS-personeel Paul Colditz onthou

'n Goeie veldwagter se vernuf lê daarin om die kleinste detail in sy omgewing raak te sien. Hy lees die veld soos 'n boek. Paul Colditz is vir die onderwyslandskap soos 'n veldwagter vir die natuur. Sy vermoë om hierdie landskap te lees, gevolgtrekkings te maak en planne te beraam, laat hom uitstaan as 'n meester op sy gebied. Jare se kundigheid, blootstelling, mensekennis en opoffering is nodig om enige vakgebied te bemeester. Daar is baie stories oor Paul se opoffering. Baie ysters in die vuur, maar 'n vuur gestook deur 'n passie vir onderwys.

Sy pyp is sinoniem met Paul. Dis 'n verlengstuk van sy denke. Wanneer hy sy pyp opsteek en in die verte tuur, weet jy dat hy diep dink. Sy vermoë om enige saak vanuit verskeie hoeke te bekyk en te bedink, is wat van hom so 'n uitstekende mentor maak. Kollegas vertel deur die bank van sy lojaliteit, integriteit en toewyding tot die span en die taak.

'n Goeie mentor verstaan mense. En Paul het dit sy taak gemaak om sy mense te kén en te verstaan. Soveel mense vertel van die invloed wat hy nie net op hul professionele lewe gehad het nie, maar ook hul persoonlike lewe. 'n Goeie mentor is ook 'n vriend en 'n vertroueling. Paul se oop deur vir kollegas, vir lede van beheerliggame en vir ander onderwysrolspelers is wat van hom meer as net 'n leier in die onderwys gemaak het. Hy is ook 'n vriend vir soveel mense.

Sy besondere mensekennis stel hom in staat om die beste uit elke werknemer te haal. 'n Positiewe boodskap hier, 'n aansporing en dankie-sê daar, die waardering vir elkeen se bydrae tot die groter FEDSAS-ideaal.

Daar is natuurlik heelwat te sê van iemand wat sy drankies bestel as "twee enkels in een glas", wat sy rooibostee drink met geen suiker en 'n teelepel melk en regs-kwessies oplos met "speckled eggs" as aansporing. Paul is meer as net 'n onderwysleier; hy is 'n unieke karakter met 'n skerp humorsin.

Kollegas verwys na sy "stigtelike laggie", sy bedaarde manier om te luister tot almal klaar hul mening gelug het en dan 'n beslissende argument op die tafel te plaas wat alle ander menings van die tafel vee. Sy vermoë om datums en detail te onthou is legendaries. Sy liefde vir Spreuke is ook 'n bewys van sy toewyding tot sy geloof. Hy is 'n ware voorbeeld van 'n persoon wat as Christen lééf in elke aspek van sy menswees.

Dis dalk nie te vergesog om te sê Paul Colditz se siel is 'n braaivleisvuur nie. Dit verteenwoordig vriendskap en samesyn, dit voed liggaam en gees, dit laat jou toe om oor die verlede te besin en deur die vlamme na die toekoms te staar.

Dit is hierdie prentjie van die veldwagter wat rustig sy pyp rook en na die vlamme staar wat FEDSAS se personeel sal bybly.

## Dinamiese Deacon verwelkom as FEDSAS se nuwe uitvoerende hoof

FEDSAS se nuwe uitvoerende hoof, dr. Jaco Deacon, word reeds internasionaal gereken as 'n kundige op die gebied van onderwysreg. "Jaco is vir meer as 'n dekade al by FEDSAS betrokke en het help bou aan die invloedryke organisasie wat FEDSAS vandag is. Vir enige organisasie is dit die ideale scenario vir opvolgbeplanning," sê dr. Shaun Mellors, voorsitter van FEDSAS se Nasionale Raad.

Mellors sê Deacon se status as onderwysleier, plaaslik sowel as internasionaal, beteken dat FEDSAS kan voortbou op die sterk bande wat die organisasie met ander onderwysrolspelers het. "In Jaco het ons 'n dinamiese leier met die visie om hierdie gevestigde en gerekende organisasie die toekoms in te neem."

Deacon sê dit is 'n voorreg om die stuur oor te neem van 'n skip wat reeds volstroom op pad is. "Seker die belangrikste nalatenskap van Paul Colditz is dat elkeen by FEDSAS presies weet hóékom ons doen wat ons doen. Tegniese vaardighede kan aangeleer word, maar 'n span kan slegs vooruitgaan indien elke besluit geneem en elke aksie uitgevoer word met die regte motivering."

Tegnies en professioneel is Deacon egter ook reeds deeglik onderlê in die vaardighede wat nodig is vir die posisie. Sy opleiding as prokureur het juis begin met 'n leerklerskap onder Colditz, waar hy reeds as kandidaatprokureur by onderwysreg betrokke was. Hy het 'n doktorsgraad in arbeidsreg verwerf terwyl hy as senior lektor aan die regs fakulteit van die Universiteit van die Vrystaat gewerk het.

"Jaco het tydens sy tyd in die akademie steeds as prokureur gepraktiseer en is vandag steeds betrokke by die Sentrum vir Arbeidsreg. Dit is hierdie terugploeg van vaardighede en ook betrokkenheid by navorsing wat maak dat hy in sy rol by FEDSAS ook aan die voorpunt bly van die nuutste verwickelinge," sê Mellors. Deacon is juis ook die redakteur van die gesaghebbende regsbron *Juta Education Law and Policy Handbook* en is ook aktief betrokke by nagraadse studente van verskillende universiteite. Hy het reeds talle navorsingsartikels in gesaghebbende akademiese joernale gepubliseer en is ook as skrywer en redakteur betrokke by verskeie boeke oor aspekte van onderwysreg asook skoolbeheer en -bestuur.

Deacon is in 2008 deur die Minister van Arbeid aangestel as deel van 'n taakspan om arbeidswette te hersien. In 2013 is hy deur die Minister van Basiese Onderwys aangestel op die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders, waar hy ook op die etiekomitee dien. Hy is ook president van die Suid-Afrikaanse Onderwysregvereniging.

Mellors sê FEDSAS baat reeds jare al by Deacon eie kundigheid asook die blootstelling wat sy internasionale netwerk van kontakte die organisasie bied. "FEDSAS se Nasionale Raad sien saam met die res van die organisasie en die breër onderwysgemeenskap uit daarna om die pad saam met Jaco te stap."

Deacon sê net soos vir die res van die FEDSAS-span is onderwys sy passie. "FEDSAS is 'n ongelooflike omgewing om in te werk, maar vir almal van ons is dit meer as net 'n werk. Dit is 'n voorreg om daagliks 'n verskil te kan maak. As uitvoerende hoof sal dit my belangrikste plig wees – om binne en buite FEDSAS 'n verskil te maak."

# WAARDETOEVOEGING

## Wie is FEDSAS?

FEDSAS is die leier in skoolbeheer- en bestuur. Die organisasie fokus op die ontwikkeling van bekwame skoolbeheerliggame van skole. FEDSAS verskaf inligting, organiseer, mobiliseer en rus ons lede toe om die hoogste onderwysstandaarde in skole te handhaaf en uit te bou. Die organisasie is in 1993 gestig en het oor die afgelope byna drie dekades gegroei tot een van die mees gerekende rolspelers in Suid-Afrikaanse onderwys.

FEDSAS se **visie** is die behoud en bevordering van gehalte-onderwys in skole in die Republiek van Suid-Afrika.

FEDSAS se **missie** is om alles binne sy vermoë te doen om sy lede en hul belangegroepes te verteenwoordig in die vestiging en bevordering van die hoogs moontlike standaard van opvoeding vir al die kinders van ons land, in die algemeen, en om effektiewe skoolbeheer en -bestuur te bevorder ten einde eersgenoemde te bereik, in die besonder.

## Kernwaardes

In hierdie verslag word FEDSAS se kernwaardes toegelig met kommentaar deur Paul Colditz, wat meer insae bied op die beweegrede agter elkeen van die waardes. Die vertrekpunt is dat h organisasie se kultuur telkens strategie troef en dat etiese waardes die boustene van die kultuur van h organisasie is.

### Uitmuntendheid

Om kompromisloos gehalte-diens te lewer en om altyd te soek na beter maniere om dinge te doen deur ons verbintenis aan voortdurende verbetering in ons persoonlike en professionele lewe.

*Hierdie is bedoel as verbintenis tot die teenpool van wat ons deesdae in alle sektore van die openbare lewe en openbare stelsels ervaar. Dit begin ook met persoonlike groei en ontwikkeling. – Paul Colditz*

### Integriteit

Om eerlik, deursigtig, oop, geloofwaardig en respekvol op al ons verskille in ons interne en eksterne interaksies te bou.

*Vir my persoonlik is hierdie die belangrikste van alle waardes in my persoonlike lewe. – Paul Colditz*

## Passie

Om 'n positiewe verskil te maak deur geesdrif, toewyding, sterkte, intensiteit en om algehele oorgawe na te streef in alles wat ons doen.

*Die blote woord “passie” het myns insiens bietjie van 'n cliché geword. Dit is daarom nodig dat ons uitspel presies waartoe ons ons verbind.*  
- Paul Colditz

## Rentmeesterskap

Om verantwoordelikheid te aanvaar en verantwoordbaar te wees.

*'n Respons op 'n gebrek aan rentmeesterskap, veral in die openbare sektor.*  
- Paul Colditz

## Verhoudinge

Die beste en mees bevredigende plek om te werk - ons is die FEDSAS-familie.

*Mense moet gelukkig wees in hul werk en 'n hoogs vervullende en waardeerende werksomgewing ervaar sodat 'n positiewe gees, gesindheid en werkstevredenheid uit hulle straal. Dit is die ononderhandelbare voorwaarde om 'n saakmakende en betekenisvolle lewe en organisasie tot stand te bring. “A life of significance rather than a successful life.”*  
- Paul Colditz

## Waarvoor staan FEDSAS?

FEDSAS glo aan maksimum outonomie vir beheerliggame en dus streef ons daarna om die regte en bevoegdhede van beheerliggame uit te brei.

FEDSAS ondersteun en bevorder die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, insluitend taal- en toelatingsbeleid.

FEDSAS ondersteun die beginsel dat beheerliggame 'n belangrike rol speel om geleenthede vir alle leerders te skep om hulle volle potensiaal te bereik.

FEDSAS onderskryf die behoud en bevordering van 'n kultuur van uitnemendheid in opvoeding, onderwys en dienslewering.

FEDSAS is deurentyd besig om gesonde verhoudinge met alle belangegroepes in die onderwys te vestig en uit te bou sodat die beste belange van die leerder uiteindelik gedien kan word.



## Wat doen FEDSAS vir jou?

FEDSAS is die mees verteenwoordigende spreekbuis vir skoolbeheerliggame landwyd. Ons lewer kommentaar op konsepwetgewing en onderwysbeleid, wat beteken ons lede se belange word op 'n hoë vlak verteenwoordig.

FEDSAS is vir byna 30 jaar al 'n gerekende meningsvormer en rolspeler in openbare onderwys op nasionale en provinsiale vlak.

FEDSAS beskik oor gevestigde nasionale en provinsiale strukture ten einde 'n diens aan al ons lede landwyd te kan lewer.

FEDSAS het reeds verskeie rigtinggewende hofsake gewen en ons het voltydse onderwysregspesialiste om lede by te staan in die uitoefening van hul regte, insluitend gevalle van onregmatige inmenging in die beheer en bestuur van skoolaangeleenthede.

FEDSAS verleen hulp aan beheerliggame oor die hele spektrum van skoolbeheer en -bestuur, onder meer personeelaanstellings, arbeidsverhouding, strategiese beplanning en finansiële bestuur.

FEDSAS se webblad is die mees omvattende bron rakende inligting oor skoolbeheer en -bestuur, waaronder beleidsdokumente, handleidings vir beheerliggame en voorbeelde van kontrakte.

FEDSAS het ook 'n reeks produkte, waaronder videomateriaal en boeke wat oor 'n verskeidenheid aspekte van skoolbeheer en -bestuur handel.


FEDSAS het grondige ervaring van onderwysaangeleenthede. As 'n aktiewe, dinamiese organisasie is ons op hoogte van veranderinge en herstrukturering op onderwysgebied en ons kan ons lede dienooreenkomstig adviseer.

FEDSAS is 'n demokratiese, nie-politiese organisasie en lede kies jaarliks hul leiers.

# Nasionale voetspoor


FEDSAS se nasionale voetspoor:

Verspreiding van lede / kontakbesonderhede



# Beheerstrukture

## FEDSAS Nas



# tionale Raad

de Hoof

rende Hoof

Bestuurder

Bestuurder Regs- en  
Ondersteuningsdienste

Sentrum vir  
Tegnologie

Instituut

Regsbeamptes

ap

Vrystaat

KZN

Oos-Kaap

Wes-Kaap

SAOOT

## Nasionale Raad

'n Nasionale Raad is verantwoordelik vir die beheer van FEDSAS. Hierdie beginsel beteken dat die Nasionale Raad uiteindelik vir die organisasie en sy werksaamhede verantwoordelik is. Die Nasionale Raad is die struktuur wat oor FEDSAS se welstand verantwoordelik sal moet doen. Lede van die Nasionale Raad word jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering van FEDSAS verkies. Die Nasionale Raad is verantwoordelik vir die beheer van FEDSAS, wat die beheer van die geld en ander bates van die organisasie insluit. Aangesien die Nasionale Raad ander se bates beheer, staan die organisasie sowel as alle individuele lede van die Nasionale Raad in 'n vertrouensverhouding ('n fidusiêre verhouding) teenoor FEDSAS. Ooreenkomstig sy fidusiêre pligte, moet die Nasionale Raad in belang van die organisasie handel. Benewens fidusiêre pligte, is lede van die Nasionale Raad ook verplig om behoorlike sorg, vaardigheid en toewyding aan die dag te lê. Hulle het ook statutêre pligte wat deur verskillende wette (insluitend die gemenereg), die oprigtingsdokumente van die organisasie (die grondwet van FEDSAS) en enige ooreenkomste wat die organisasie kan aangaan (soos die aanstellingsbriewe of dienskontrakte van lede van die Nasionale Raad) aan hul opgelê word. Lede van die Nasionale Raad behoort hul pligte te verstaan om moontlike persoonlike aanspreeklikheid weens pligsversuim te voorkom. Lede van die Nasionale Raad ontvang geen vergoeding in ruil vir hul diens nie. Tog kan pligsversuim steeds tot verantwoordbaarheid en persoonlike aanspreeklikheid lei.

## Komitees

Uitvoerende komitee	Die uitvoerende komitee is verantwoordelik vir die uitvoering van FEDSAS se strategie en sakeplanne. Dit funksioneer onder voorsitterskap van die uitvoerende hoof en bestaan uit senior personeel van die organisasie.
Menslikehulpbronnekomitee	Die menslikehulpbronnekomitee vorm deel van die beheerstrukture van die nasionale raad van FEDSAS en adviseer die nasionale raad oor alle aangeleenthede rakende menslike hulpbronne en vergoeding van personeel. Die voorsitter en lede van die komitee word deur die nasionale raad aangestel.
Oudit- en Risikokomitee	Die audit- en risikokomitee is verantwoordelik vir die toesig oor FEDSAS se finansies, risiko en voldoeningsvereistes. Dit is deel van die beheerstrukture van die nasionale raad en die voorsitter en lede word deur die nasionale raad aangestel.
Strategiekomitee	Die strategiekomitee is 'n staande komitee van die nasionale raad bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, uitvoerende hoof en komitee voorsitters. Die komitee adviseer die nasionale raad oor strategiese kwessies.

Besoek die FEDSAS-webtuiste by [www.fedsas.org.za](http://www.fedsas.org.za) vir inligting oor provinsiale rade en FEDSAS se personeel in elke provinsie.

# WESENLIKE ASPEKTE

Wesenlike aspekte is sake wat 'n wesenlike effek kan hê op FEDSAS se vermoë om waarde tot die skoolonderwyslandskap toe te voeg. Hoewel hierdie geïntegreerde jaarverslag in geheel verteenwoordigend is van die wesenlike aspekte, met ander woorde daardie aspekte wat as aanduidend beskou word van FEDSAS se impak op die ses kapitale, bied hierdie afdeling 'n oorsig van enkele aangeleenthede wat spesifiek gedurende 2021 uitgelig moet word.

**Covid-19:** Die pandemie het steeds 'n wesenlike invloed op skoolonderwys. Die effek daarvan sal kort-, medium- en moontlik selfs langtermyngevolge vir FEDSAS inhou. Laer indiensneming, verlies aan werkgeleenthede, hertoedeling van staatsfinansiering en verlaagde sakevertroue plaas druk op skole se vermoë om ledegeld aan FEDSAS te betaal maar vereis terselfdertyd meer ondersteuning en dienslewering. FEDSAS en skole moet aanpas by nuwe modelle van onderrig, optimale gebruik van tegnologie en 'n herbesinning van buitekurrikulêre programme. Nog 'n wesenlike aspek wat 'n invloed op FEDSAS en die skoolomgewing het, is Covid-19-inentingsprogramme, regsaspekte rondom inentingsmandate en bewusmakingsprojekte.

**Politiese onrus:** Onluste in Gauteng en KwaZulu-Natal gedurende Julie 2021 moet gesien word as aanduidend van onderliggende strukturele en sosio-ekonomiese ongelykhede wat oor die lang termyn 'n ernstige invloed op die onderwyssektor en FEDSAS se funksionering kan hê. Die skoolomgewing is uiters kwesbaar vir enige vorm van sosio-politiese onstabiliteit omdat skole dikwels landmerke in die fisiese omgewing binne gemeenskappe is, maar ook omdat ouers en voogde sensitief is vir enige gebeurtenis wat 'n fisiese of emosionele gevaar vir kinders inhou. Beheerliggame moet dikwels uitdagende besluite in moeilike omstandighede neem en FEDSAS se ondersteuning moet van só 'n aard wees dat beheerliggame hierin gelei kan word.

**Wetgewing:** Die Ministerie van Basiese Onderwys is steeds van plan om omvattende wysigings aan die land se onderwyswette aan te bring. Dit sal 'n wesenlike impak op feitlik alle aspekte van skoolonderrig hê, asook die funksionering van beheerliggame.

**Befondsing:** Voldoende befondsing om die volle spektrum van dienste waarvoor FEDSAS beskik te kan lewer, bly steeds 'n uitdaging. Reeds voor die uitbreek van die Covid-pandemie was ekonomiese vooruitsigte in die land beroerd en dit het uiteraard ook 'n impak op nie-winsgewende organisasies se volhoubaarheid.

**Kommunikasie en handelsmerk:** In 'n era van snelle en inligtinggedrewe kommunikasie en beeldbou, is effektiewe en geloofwaardige kommunikasie 'n voortdurende uitdaging.

**Verhoudingsbou:** Die onderwyslandskap in Suid-Afrika is 'n komplekse en in vele opsigte 'n omstrede landskap. Dit verg voortdurende beplande en versigtige voetwerk om relevante en geloofwaardige verhoudinge op te bou sodat lede van FEDSAS maksimum voordeel uit verhoudinge en verbintenisse kan trek.

# FEDSAS SE KOMPETERENDE LANDSKAP

FEDSAS se organisatoriese en operasionele aktiwiteite vind neerslag in ses fokusareas, naamlik opleiding, bewusmaking, navorsing, fondswerwing en verhoudingsbestuur, asook goeie korporatiewe bestuur. Elke fokusarea het weer 'n direkte of indirekte impak op een of meer van die ses kapitale. Hierdie afdeling bied 'n oorsig oor bepaalde strategiese doelwitte en aktiwiteite vir die jaar, asook hoe hierdie aktiwiteite inwerk op bepaalde kapitale. Risiko's en geleenthede word ook uitgelig.

## FOKUSAREA: OPLEIDING

FEDSAS se primêre fokus is die toerus van skoolbeheerliggame. Dit sluit interne opleiding van personeel en lidskole in, asook die beskikbaarstelling van opleidingsgeleenthede vir die breër skoolgemeenskap.

### Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in finansiële en vervaardigde kapitaal wat omskep word in mensekapitaal. Mensekapitaal word weer gebruik om intellektuele kapitaal te verhoog.

### Spesifieke strategiese doelwitte en aktiwiteite vir 2021 rondom opleiding:

#### FEDSAS Instituut vir Skoolbeheer

##### Aksies onderneem:

- Voortdurende aanpas en implementering van instrumente om beheerliggame by te staan

#### FEDSAS Sentrum vir Tegnologie

##### Aksies onderneem:

- Uitbreiding van FEDSAS se e-leer-platform wat aan skoolbeheerliggame, ouers en personeel toegang tot aanlyn-kursusse bied om hulle beter toe te rus vir die uitdagings van skoolbeheer en -bestuur
- Ontwikkeling en bemerking van nasionale webinare
- Ontwikkeling en aanbieding van provinsiale webinare na gelang van behoeftes
- Aanbieding van tegnologie-werksessies in elke provinsie
- Projekte om bewusmaking van aanlynveiligheid onder leerders te dryf
- Projek Hoop – 'n befondsingsmoontlikheid vir skole (aanlynwinkel, kontantlose betalings en aanlyn-talentkompetisieplatform)
- TAO-projek vir aflyn-skole
- Voting Crowd vir e-verkiesings – opleiding in Noordwes vir departementele amptenare om werkbaarheid van e-verkiesings te demonstreer

## Personeelopleiding

### Aksies onderneem:

- 'n Personeelberaad gedurende November vir alle FEDSAS-personeel
- Virtuele personeelberade vir personeel
- 16 administratiewe en ander opleidingsvergaderings

## Spesifieke opleiding vir skoolbeheerliggame

### Aksies onderneem

#### Nasionale webinarre:

- Induksie van nuwe beheerliggaamlede – 12 sessies (6 Engels / 6 Afrikaans): 2303 deelnemers
- Voortgesette en gevorderde opleiding (Groot 5) – 16 sessies (8 Engels / 8 Afrikaans): 1736 deelnemers
- Deurlopende ontwikkeling vir nuwe beheerliggaamlede – 24 sessies (12 Engels / 12 Afrikaans): 1414 deelnemers
- Praat met FEDSAS – verskeie onderwerpe: 6 sessies: 692 deelnemers en 2845 Facebook “views”
- FEDSAS-jeugleierskapontwikkelingsessies saam met Manie Botha: 2 sessies (1 Engels / 1 Afrikaans): 107 deelnemers

#### Provinsiale aksies:

- Provinsiale induksie van nuwe beheerliggaamlede: 52 sessies, 739 deelnemers van 310 skole
- Provinsiale voortgesette opleiding: 113 sessies, 1335 deelnemers van 250 skole
- Provinsiale ad hoc-opleiding: 65 sessies, 4952 deelnemers van 1055 skole
- Waardegedrewe Skole-program: 10 sessies en 32 skole
- Skoolbesoeke: 532 skole
- Brandpuntvergaderings met verskeie temas: 40 sessies, 1252 deelnemers van 269 skole
- Webinarre: 149 sessies, 11 732 deelnemers
- Opleiding van leerder-beheerliggaamlede: 25 sessies, 1729 deelnemers van 224 skole

## Risiko's en geleenthede

Opleidingsgeleenthede is onderworpe aan lede se veranderende behoeftes en verwagtinge. Kursusse en opleidingsmateriaal, asook hoe opleiding aangebied word, moet dus in pas bly met die veranderende omgewing. Hoewel dit baie operasionele uitdagings meegebring het, het die Covid-19-pandemie in hierdie opsig geleenthede geskep om aanlyn-opleiding oor verskeie platforms heen toeganklik te maak.

Die 2021-skoolbeheerliggaamverkieping, die derde grootste algemene verkiesing in Suid-Afrika naas die algemene en plaaslike verkiesings, het volop geleenthede gebied vir die aanpas en uitbreiding van FEDSAS se opleidingsaanbod, asook die metodes van aanbidding. Die opleiding aan nuutverkose beheerliggaamlede was vanjaar volledig aanlyn en FEDSAS se ateljeeopnames en uitsendings was deurslaggewend. 'n Skoolspesifieke induksie is ook vir die eerste keer ingebring om die belangrike interaksie tussen beheer en bestuur te onderstreep.

FEDSAS het sedert die aanvang van die pandemie as 'n bedryfsleier na vore getree in terme van die geleenthede wat die virtuele omgewing bied. Die langtermyn-belegging in mensekapitaal begin reeds dividende lewer. Tesame hiermee is dit ook 'n belegging in intellektuele kapitaal, veral wat innovasie en toekomstige sukses betref.

Risiko's moet egter nooit buite rekening gelaat word nie. Suid-Afrika se internet-infrastruktuur en veral die koste van internettoegang bly 'n uitdaging. As vervaardigde kapitaal maak FEDSAS hier staat op eksterne infrastruktuur. Hoewel die organisasie tegnologie so effektief as moontlik benut, is gebrekkige internettoegang, beskikbare hardeware en die koste hieraan verbonde, asook die verskillende vlakke van gebruikersvaardighede 'n wesenlike risiko vir toegang tot opleiding, veral in situasies waar eksterne faktore soos die pandemie en inperkings FEDSAS noodsaak om volledig op die virtuele omgewing staat te maak.

## FOKUSAREA: BEWUSMAKING

Bewusmaking fokus onder meer op die werksaamhede van FEDSAS, bewusmaking van die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Skolewet, asook bewusmaking rondom bepaalde projekte gedurende spesifieke periodes.

### Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in sosiale en verhoudingskapitaal deur die versterking van die FEDSAS-handelsmerk.

### Spesifieke strategiese doelwitte vir 2021 rondom bewusmaking:

#### Bewusmaking: Covid-19-pandemie

##### Aksies onderneem:

- 11 nuwe Covid-19-dokumente op die webblad (die spesiale afdeling beslaan tans 139 dokumente)
- Gereelde nuusbriewe oor ministeriële direktiewe kragtens die Wet op Rampbestuur

#### Bewusmaking: SBL-verkiesings

- Gereelde nuusbriewe en webinarre
- Hoofde-sessie – gids/ondersteuning vir verkiesingsproses
- Aanlynverkiesings – bekendstelling van platform, nuusbriewe en kommunikasie met die Departement van Basiese Onderwys

#### Bewusmaking: POPIA

- Nuusbriewe
- Media-onderhoude met FEDSAS se Bestuurder: Ondersteuning- en Regsdienste
- 18 opleidingsessies vir lede en rolspelers in die onderwys, insluitend provinsiale departemente van onderwys

#### Bewusmaking: Kinderbeskermingsweek

##### Aksies onderneem:

- Groenstrikkie-projek om bewusmaking te skep rondom gevare waaraan kinders blootgestel is
- Betrokkenheid by #share2protect-veldtog saam met Be In Touch, 'n organisasie wat fokus op die digitale welstand van gesinne, Media Monitoring Africa en Yoti, 'n Britse platform wat sagteware ontwikkel om identiteitsverifikasie op die internet te verbeter om kinders sodoende te beskerm teen kubergevare
- Gratis webinar oor #share2protect-veldtog
- Uitreik van mediaverklaring
- Bewusmaking op sosiale media

## Bewusmaking: Wêreldonderwysersdag

### Aksies onderneem:

- 'n Skakel op die webblad met al die inligting rondom Wêreldonderwysersdag
- Uitreik van mediaverklaring
- Elektroniese advertensies
- Gebruik van sosiale media

## Groei van FEDSAS se sosiale media-voetspoor

### Aksies onderneem:


- Bring sosiale media-skakels sover moontlik op alle kommunikasie (intern en ekstern) aan om gebruikers na sosiale media toe te stuur en sodoende gebruikersfrekwensie te verhoog
- Gebruik Facebook, Twitter, Instagram en YouTube om inligting te versprei en ook om terugvoering te verkry
- Skep van WhatsApp-groepe om interne kommunikasie en inligtingsverspreiding te verbeter
- Sosiale media-blootstelling groei met 74% oor verskeie platforms vir periode 1 January 2021 – 30 September 2021

## Algemene bewusmaking: tradisionele media

### Aksies onderneem:

- Uitstuur van mediaverklarings oor 'n verskeidenheid onderwerpe, sommige gefokus op FEDSAS-aktiwiteite en ander as meningsvormer
- 11 mediaverklarings vir die tydperk 1 Januarie 2021 tot 31 Oktober 2021
- Mediaverklaring-trefslag-ratio: 1:2.27 (gemiddeld twee artikels vir elke mediaverklaring)
- Redaksionele insluiting (aantal verskynings in artikels): 229

Top Publications by Volume - Jan 1, 2021 - Sep 30, 2021



## Algemene bewusmaking: webtuiste

### Aksies onderneem:

- Bekendstelling van nuwe webtuiste ([www.fedsas.org.za](http://www.fedsas.org.za)) wat toegang tot webinarre en ander virtuele vergaderings aansienlik vergemaklik
- Verhoog verkeer na webtuiste ([www.fedsas.org.za](http://www.fedsas.org.za)) vir periode 1 Januarie 2021 tot 31 Oktober 2021
- 84 769 besoeke aan webtuiste (Januarie – Oktober 2021)
- 30 709 unieke besoekers
- gemiddelde besoektyd van 5:26 minute

## Risiko's en geleenthede

Bewusmaking verg 'n fyn balans tussen die bemarking van die organisasie en sy projekte en die sosiale kontrak wat 'n organisasie sonder winsbejag met die samelewing het om uitdrukking te gee aan die waarde wat die organisasie toevoeg ingevolge sy visie en missie. Diepte-kennis van die onderwysomgewing en veral regs-kennis van die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Skolewet is noodsaaklik vir FEDSAS se personeel. Bewusmaking van die rol van skoolbeheerliggame in openbare skole strek egter verder as die amptelike lede en hier het FEDSAS ook 'n plig om die algemene publiek op te voed en in te lig.

Risiko's in hierdie area sluit in dat sosiale en verhoudingskapitaal gebruik moet word om die organisasie se werksaamhede te groei, maar dat FEDSAS terselfdertyd ook sosiale en verhoudingskapitaal as hulpbron van die organisasie moet groei. Hierdie gee-en-neem-verhouding verg 'n gesonde balans sodat sosiale en verhoudingskapitaal as 'n hulpbron nie uitgeput word nie. Die 2021-skoolbeheerliggaamverkiesing het ruim geleentheid gebied vir bewusmaking van die organisasie se werksaamhede en skoolbeheer en -bestuur in die algemeen.

Voortdurende tegnologiese vooruitgang beteken dat die organisasie ook op die snykant van verwickelinge moet bly in terme van aanlyn-kommunikasie. Die herontwerpte FEDSAS-webtuiste is vroeg in 2021 bekend gestel. Hoewel 'n uitgawe in terme van finansiële kapitaal, stel die nuwe webtuiste FEDSAS in staat om die organisasie se storie van waardeskepping te vertel en terselfdertyd ook toegang tot die organisasie se intellektuele kapitaal te verbeter.

Die uitdaging om relevant te bly is 'n risiko sowel as 'n geleentheid. Openbare persepsie van FEDSAS en die organisasie se aktiwiteite speel direk in op fondswerwing en die werwing van nuwe lede. FEDSAS het dus deurlopend die geleentheid om as meningsvormer te ontwikkel deur gebalanseerde deelname aan openbare gesprekke, hetsy positief, negatief of neutraal.

## FOKUSAREA: NAVORSING

FEDSAS se toegewyde span onderwysreg-spesialiste doen voortdurend navorsing oor beleidsontwikkeling, konsepwetgewing en ander aspekte van wetgewing wat skoolbeheerliggame raak.

### Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in 'n verhoging in intellektuele kapitaal en sosiale en verhoudingskapitaal.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2021 rondom navorsing:

### Aksies onderneem:


- Deurlopende navorsing vir spesifieke regsaksies en hofsake waarby FEDSAS namens sy lede betrokke is
- Ontwikkeling van 59 nuwe beleidsdokumente en regsmenings

- Ontwikkeling van 4 dokumente ter ondersteuning van die SBL-verkiesings
- Ontwikkeling van Covid-19-dokumentasie, insluitend regsmenings, wetgewing en voorbeelddokumente
- Ontwikkeling van 6 POPIA-dokumente, insluitend 'n gids vir die inligtingsbeampte
- Aanbieding van webinarre rakende die POPI-wet in skole en die rol van die Inligtingsbeampte

## NUWE EN HERSIENE BELEIDSDOKUMENTE: 2021

Buiten die hersiening van bestaande dokumentasie, het FEDSAS se regsplan gedurende 2021 'n getal van 59 nuwe dokumente, van regsmenings tot voorbeelddokumente, ontwikkel. Die volledige lys is beskikbaar by [www.fedsas.org.za](http://www.fedsas.org.za).

### NUUT OP WWW.FEDSAS.ORG.ZA



### Voorbeelde sluit in

- FEDSAS se kommentaar op die Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole (GG 44139 GN 38/2021)
- Die toepaslikheid van die Nasionale Kredietwet (34 van 2005) op skoolbeurse
- Beleid oor Tuisonderrig
- SACE – Onderwysers se Veiligheid en Sekuriteit – handboek
- Vervoer van leerders gedurende ramptoestand
- Skoolbeheerliggame: vrae en antwoorde
- Openbare skole en kwytstelling van inkomstebelasting

## Risiko's en geleenthede

Enige regsaksie hou verskeie risiko's in, gegewe veral die finansiële koste en die risiko vir die organisasie se reputasie. FEDSAS sien regsaksie as 'n laaste uitweg en maak eerder staat op die organisasie se invloed in verskeie strukture in die onderwyssektor (sosiale en verhoudingskapitaal), insluitend met die regering, om geskille te besleg of in 'n poging om toe te sien dat daar korrek uiting gegee word aan statutêre bepalinge en pligte. Die inherente risiko aan regsaksie kan egter nooit buite rekening gelaat word nie.

Nuwe wetgewing en beleid en ook rigtinggewende hofuitsprake bied volop geleentheid vir FEDSAS om intellektuele kapitaal te verhoog deur ontwikkeling van regsmanings, beleid, publikasies en opleidingsmateriaal. Die dramatiese omwentelinge wat die Covid-19-pandemie in die skoolomgewing meegebring het, het ook 'n invloed op die vertolking en toepassing van wetgewing en beleid, wat risiko inhou in terme van potensiële nuwe uitdagings soos aanspreeklikheid rakende leerders en onderwysers se gesondheid en welstand, die Staat se inentingsprogram en die implikasies van byvoorbeeld inentingsmandate. Dit bied egter ook geleentheid vir FEDSAS om sy regs kennis en ervaring te gebruik om leiding te bied aan skoolbeheerliggame en ander rolspelers, insluitend onderwysdepartemente, om hierdie nuwe omgewing te navigeer.

## FOKUSAREA: GROEI LEDETAL

FEDSAS se ledetal op 31 Oktober 2021 staan op 2014 skoolbeheerliggame van openbare skole. Daar is egter 23 004 openbare skole in Suid-Afrika en die groei van FEDSAS se ledetal bly dus 'n primêre doelwit.

### Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in 'n verhoging in finansiële kapitaal, mensekapitaal en sosiale en verhoudingskapitaal.

### Spesifieke strategiese doelwitte vir 2021 rondom die groei van ledetal:

#### Aksies onderneem:

- Werwing van lede deur middel van algemene opleidingsgeleenthede en webinare waartoe nie-lede ook toegang het
- Opvolg van verwysings van bestaande lede
- Produk "FEDSAS in 'n boks" gratis vir nuwe lede wat aansluit
- Invordering van lidmaatskapfoeie

## Risiko's en geleenthede

FEDSAS se ledetal het 'n direkte invloed op die organisasie se finansiële posisie. Die Covid-19-pandemie het steeds ernstige finansiële en ekonomiese nadele tot gevolg, wat meebring dat bestaande lede in sommige gevalle nie verdere lidmaatskap kan bekostig nie, terwyl dit die poel van potensiële nuwe lede laat krimp. Ander beheerliggaamorganisasies kompeteer in dieselfde mark en hou dus ook 'n risiko in. FEDSAS se uitstekende reputasie as leier in skoolbeheer en -bestuur bied egter aan die organisasie die geleentheid om sy ledetal te groei.

Die 2021-skoolbeheerliggaamverkieping het die verkiesing van sowat 300 000 nuwe beheerliggaamlede behels. Hoewel dit 'n geleentheid vir groei bied, is daar ook 'n risiko verbonde aan nuwe lede wat potensieel 'n ander ingesteldheid teenoor of mening van FEDSAS kan hê. Dit kan uiteindelik 'n invloed hê op 'n beheerliggaam se besluit oor lidmaatskap. Bewusmakingsaktiwiteite het hier 'n invloed op openbare persepsie, wat weer inspeel op individuele beheerliggaamlede se ontvanklikheid teenoor lidmaatskap van FEDSAS.

## FOKUSAREA: FONDSWERWING EN VERHOUDINGSBESTUUR EN SPREEKBUIS VIR BEHEERLIGGAME

FEDSAS is 'n organisasie sonder winsbejag en is dus, benewens die ledegeld van lede, van eksterne bronne vir inkomste afhanklik.

### Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in 'n verhoging in finansiële kapitaal, asook sosiale en verhoudingskapitaal.

### Spesifieke strategiese doelwitte vir 2021 rondom fondswerwing en verhoudingsbestuur:

#### Aksies onderneem:

- Sluit van strategiese vennootskappe
- Deurlopende vergaderings en formele en informele ontmoetings met onderwysrolspelers, insluitend politieke leierskap, ten einde FEDSAS se rol as meningsvormer gestand te doen en om gesonde, proaktiewe verhoudings met rolspelers te bou
- FEDSAS teenwoordig by alle departementele vergaderings wat direk betrekking het op die rol en funksies van beheerliggame
- Gereelde skakeling met provinsiale onderwysdepartemente, as verteenwoordiger van lede, maar ook as onderwysvennoot
- 175 vergaderings met provinsiale onderwysdepartemente landwyd gedurende 2021
- Bemiddeling van ernstige konfliktsituasies tussen beheerliggame en skoolhoofde/onderwysers en/of onderwysdepartemente

### Risiko's en geleenthede

As organisasie sonder winsbejag is FEDSAS afhanklik van strategiese vennootskappe, veral met betrekking tot finansiële steun. Ernstige ekonomiese ontwigting soos deur die Covid-19-pandemie bring mee dat die beskikbare fondse vir donasies en borgskappe beduidend kleiner word. Dit hou 'n groot bedreiging vir finansiële volhoubaarheid in en is 'n risiko wat aktief bestuur moet word deur middel van onder meer interne kostebesparingsmaatreëls, asook die identifisering en ontginning van nuwe bronne van inkomste.

Die bestuur van verhoudings met eksterne belanghebbendes, veral donateurs en borge, is kernbelangrik vir die organisasie se toekoms. Ander noodsaaklike verhoudings wat ten alle koste beskerm en uitgebrei moet word, is FEDSAS se verhouding met die nasionale Departement van Basiese Onderwys, asook die provinsiale onderwysdepartemente. Op inisiatief van FEDSAS is die Nasionale Raadplegende Forum vir beheerliggaamorganisasies in 1999 gestig met die oog daarop om 'n forum vir bespreking en bedinging namens beheerliggame met die Minister van Basiese Onderwys en die departement tot stand te bring. Meer as twee dekades ná die vestiging van hierdie forum vergader dit steeds kwartaalliks. Ook op FEDSAS se inisiatief is daar sedertdien 'n provinsiale raadplegende forum in elk van die nege provinsies tot stand gebring. FEDSAS het homself oor die jare as 'n onderwysvennoot van die regering gevestig. Hierdie verhouding maak dit moontlik vir die organisasie om soms uitdagende situasies tussen skoolbeheerliggame en onderwysdepartemente te fasiliteer. Hoewel hierdie verhouding geleentheid skep vir die groei van FEDSAS se reputasie en ledetal, moet dit noukeurig bestuur word aangesien skade aan die verhouding, of enige persepsie van 'n verlies aan neutraliteit, groot risiko kan inhou, veral vir FEDSAS se reputasie. Die 2021-skoolbeheerliggaamverkiesing het die geleentheid gebied om verhoudings met

roolspelers in die sektor, vanaf die regering tot ander beheerliggaamorganisasies, asook met bestaande en nuwe lede uit te brei.

## **FOKUSAREA: GOEIE KORPORATIEWE BESTUUR**

FEDSAS is verbind tot goeie korporatiewe bestuur en die daarstel van strukture wat die beste moontlike omgewing skep vir die uitvoer van die organisasie se take.

### **Kapitale**

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in mensekapitaal en sosiale en verhoudingskapitaal.

Spesifieke strategiese doelwitte vir 2021 rondom goeie korporatiewe bestuur:

#### **Aksies onderneem:**

- Verdere implementering van beginsels van King IV™ -verslag oor goeie korporatiewe bestuur en beheer vir Suid-Afrika, 2016, as brondokument vir goeie korporatiewe bestuur

### **Risiko's en geleenthede**

Die toepassing van die beginsels van goeie korporatiewe bestuur hou aan die een kant die risiko in dat dit gesien kan word as die blote voldoening aan minimum-wetsvereistes. Aan die anderkant bied dit egter die geleentheid vir die skep van 'n omgewing – intern sowel as ekstern – waar waardes eerder as reëls optrede en aktiwiteite rig. Wat goeie korporatiewe bestuur betref, is FEDSAS in die unieke posisie dat die organisasie die beginsels aan lede kan oordra deur middel van voorbeeld (lede se kontak met FEDSAS as organisasie gekenmerk deur goeie korporatiewe bestuur) en opleiding (kursusse, opleidingsmateriaal, beleid en ander instrumente beskikbaar aan beheerliggame) – 'n geval van “practise what you preach”. Die uitdagings wat die pandemie meebring in terme van toepassing van beleid hou 'n risiko in vir goeie korporatiewe bestuur omdat nuwe werkswyses vir talle operasionele funksies ontwikkel moes word. FEDSAS het egter uitstekend by hierdie nuwe werkswyse aangepas. Terselfdertyd bied dit steeds die geleentheid om areas te versterk waar goeie korporatiewe bestuur nog 'n uitdaging is. FEDSAS se persoonlike ervaring stel die organisasie dus in staat om lede effektief toe te rus wanneer hulle voor dieselfde uitdagings te staan kom.

# OORSIG: FINANSIËLE STATE

## ALGEMENE INLIGTING

### Tydperk

Hierdie afdeling bied 'n oorsig oor die finansiële posisie van FEDSAS vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2020.

### Bestuur se verantwoordelikheid en goedkeuring

Hierdie finansiële state is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en die South African Statements of Generally Accepted Practice opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is. Op grond van inligting en verduidelikings wat deur die bestuur van FEDSAS verskaf is, is die Raad van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute versekering nie, teen enige wesenlike wanverklaring of verlies bied. FEDSAS se bestuur het die organisasie se kontantvloei voorspelling vir die jaar tot 31 Desember 2020 nagesien en is in die lig van die nasiening en die huidige finansiële posisie oortuig dat die beheerliggaam toereikend middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede vir die voorsienbare toekoms voort te sit.

### Ouditeure

Core Audit Incorporated Auditor  
Geoktrooieerde Rekenmeesters/Chartered Accountants  
Geregistreerde Ouditeur / Registered Auditor

**FEDSAS**  
**FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG**  
**31 DESEMBER 2020**

**FEDSAS**  
**ANNUAL FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED 31 DECEMBER 2020**



FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31  
DESEMBER 2020

FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED  
31 DECEMBER 2020

ALGEMENE INLIGTING

GENERAL INFORMATION

<b>Land van inkorporasie en domisilie</b>	Suid-Afrika / South Africa	<b>Country of incorporation and domicile</b>
<b>Aard van besigheid en hoofaktiwiteit</b>	Federasie van Skoolbeheerliggame / Federation of School Governing Bodies	<b>Nature of business and principal activities</b>
<b>Raadslede</b>	Dr S Mellors (Voorsitter)/(Chairperson) Mnr / Mr PHT Colditz (HUB)/(CEO)	<b>Board members</b>
<b>Geregistreerde kantoor</b>	7 Tennant Singel/Crescent Fichardtpark Bloemfontein 9301	<b>Registered office</b>
<b>Besigheidsadres</b>	7 Tennant Singel/Crescent Fichardtpark Bloemfontein 9301	<b>Business address</b>
<b>Posadres</b>	Posbus / PO Box 31963 Fichardtpark Bloemfontein 9317	<b>Postal address</b>
<b>Ouditeur</b>	Core Audit Incorporated Geoktrooieerde Rekenmeesters/Chartered Accountants Geregistreerde Ouditeur / Registered Auditor	<b>Auditor</b>
<b>Belastingverwysingsnommer</b>	9754360163	<b>Tax reference number</b>
<b>Organisasie registrasienuommer</b>	NPO 128-598	<b>Organisation registration number</b>
<b>Bankier</b>	ABSA Bank Beperk/Limited	<b>Bankers</b>
<b>Vlak van gerusstelling</b>	Hierdie finansiële state is geoudit in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Grondwet van die Nasionale Raad. / These annual financial statements have been audited in compliance with the applicable requirements of the Constitution of the National Council.	<b>Level of assurance</b>
<b>Kompileerder</b>	Hierdie finansiële state is onafhanklik opgestel deur Mnr JN Kriel GR (S.A.) / The annual financial statements were independently compiled by Mr JN Kriel CA (S.A.)	<b>Preparer</b>

FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG  
31 DESEMBER 2020

FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED  
31 DECEMBER 2020

Die verslae en state soos vervat in die dokument verteenwoordig die finansiële state wat aan die raadslede voorgelê is:

The reports and statements set out below comprise the annual financial statements presented to the board members:

<u>Inhoud</u>	<u>Bladsv/Page</u>	<u>Contents</u>
Lede se Verantwoordelikheid en Goedkeuring	3-4	Members' Responsibilities and Approval
Lede se Verslag	5-7	Members' Report
Onafhanklike Ouditeursverslag	8-10	Independent Auditor's Report
Verslag van praktisyn	11	Practitioner's Compilation Report
Staat van Finansiële Posisie	12	Statement of Financial Position
Staat van Omvattende Inkomste	13	Statement of Comprehensive Income
Staat van Verandering in Ekwiteit	14	Statement of Changes in Equity
Staat van Kontantvloei	15	Statement of Cash Flow
Rekeningkundige Beleide	16-21	Accounting Policies
Aantekeninge tot die Finansiële State	22-26	Notes to the Financial Statements
Die volgende maak nie deel uit van die Finansiële State nie en is nie geoudit nie:		The following does not form part of the Annual Financial Statements and is unaudited:
Gedetailleerde Inkomstestaat	27-28	Detailed Income Statement

**Vlak van gerusstelling**

**Level of assurance**

Hierdie finansiële state is geoudit in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Grondwet van die Nasionale Raad.

These annual financial statements have been audited in compliance with the applicable requirements of the Constitution of the National Council.

**FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31  
DESEMBER 2020**

**FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED 31  
DECEMBER 2020**

**LEDE SE VERANTWOORDELIKHEDE EN GOEDKEURING**

**MEMBERS' RESPONSIBILITIES AND APPROVAL**

Die grondwet bepaal dat die lede omvattende rekeningkundige rekords moet handhaaf en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die jaarlikse finansiële state en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit word. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die jaarlikse finansiële state 'n redelike weergawe is van die organisasie se sake soos aan die einde van die finansiële jaar asook die finansiële prestasie en kontantvloei vir die periode, ter voldoening aan die vereistes van die Internasionale Verslagdoeningstandaard vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings. Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële state uit te spreek.

The members are required by the constitution to maintain adequate accounting records and are responsible for the content and integrity of the annual financial statements and related financial information included in this report. It is their responsibility to ensure that the annual financial statements fairly present the state of affairs of the society as at the end of the financial year and the results of its operations and cash flows for the period then ended, in conformity with the requirements of the International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized entities. The external auditor is engaged to express an independent opinion on the annual financial statements.

Die jaarlikse finansiële state is in ooreenstemming met die vereistes van die Internasionale Verslagdoeningstandaard vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleide wat konsekwent toegepas is en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is.

The annual financial statements are prepared in accordance with the International Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities and are based upon appropriate accounting policies consistently applied and supported by reasonable and prudent judgements and estimates.

Die lede erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat die organisasie ingestel het en plaas aansienlike klem op die handhawing van streng beheer. Sodat die lede die verantwoordelikhede kan nakom, stel die raad standarde vir interne beheer wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verklein. Die standarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik gedefinieerde raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Die beheermaatreëls word deur die hele organisasie gemonitor en alle werknemers moet die hoogste etiese standarde handhaaf om te verseker dat die organisasie se besigheid gedoen word op 'n wyse wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is.

The members acknowledge that they are ultimately responsible for the system of internal financial control established by the society and place considerable importance on maintaining a strong control environment. To enable the members to meet these responsibilities, the members set standards for internal control aimed at reducing the risk of error or loss in a cost effective manner. The standards include the proper delegation of responsibilities within a clearly defined framework, effective accounting procedures and adequate segregation of duties to ensure an acceptable level of risk. These controls are monitored throughout the society and all employees are required to maintain the highest ethical standards in ensuring the society's business is conducted in a manner that in all reasonable circumstances is above reproach.

**FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31  
DESEMBER 2020****FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED 31  
DECEMBER 2020****LEDE SE VERANTWOORDELIKHEDE EN GOEDKEURING****MEMBERS' RESPONSIBILITIES AND APPROVAL**

Die organisasie se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die organisasie. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, probeer die organisasie dit tot 'n minimum beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur-, beheer- en ander stelsels en etiese gedrag volgens vooraf bepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

The focus of risk management in the society is on identifying, assessing, managing and monitoring all known forms of risk relevant to the society. While operating risk cannot be fully eliminated, the society endeavours to minimise it by ensuring that appropriate infrastructure, controls, systems and ethical behaviour are applied and managed within predetermined procedures and constraints.

Die lede is op grond van inligting en verduidelikings wat bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die jaarlikse finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute, versekering bied teen enige weselike wanvoorstelling of verlies.

The members are of the opinion, based on the information and explanations given by management, that the system of internal control provides reasonable assurance that the financial records may be relied on for the preparation of the annual financial statements. However, any system of internal financial control can provide only reasonable, and not absolute, assurance against material misstatement or loss.

Die lede het die organisasie se kontantvloei vooruitskatting vir die jaar geëindig 31 Desember 2021 geëvalueer, en is in die lig hiervan tesame met die huidige finansiële posisie, oortuig dat die organisasie toereikende middele het om sy bedrywighede in die afsienbare toekoms voort te sit.

The members have reviewed the organisation's cash flow forecast for the year ended 31 December 2021 and, in the light of this review and the current financial position, they are satisfied that the society has, or has access to, adequate resources to continue in operational existence for the foreseeable future.

Die eksterne ouditeur is verantwoordelik vir die onafhanklike audit van die organisasie se jaarlikse finansiële state en om daarvoor verslag te doen. 'n Eksterne audit is uitgevoer op hierdie finansiële state deur die organisasie se eksterne ouditeur en hul verslag word op bladsye 6 tot 8 aangebied.

The external auditor are responsible for independently auditing and reporting on the organisations annual financial statements. The annual financial statements have been examined by the organisations external auditor and their report is presented on pages 6 to 8.

Die jaarlikse finansiële state wat op bladsye 11 tot 24 uiteengesit word en deur die Nasionale Raad opgestel is, is op 27 Maart 2021 deur die lede goedgekeur en namens hulle onderteken deur:

The annual financial statements set out on pages 11 to 24, which have been prepared on the going concern basis, were approved by the National Council on 27 March 2021 and were signed by:

---

**Dr S Mellors (Voorsitter)/(Chairperon)**

---

**Mnr/Mr PHT Colditz (HUB)/(CEO)**

FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG  
31 DESEMBER 2020

FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED  
31 DECEMBER 2020

LEDE SE VERSLAG

MEMBERS' REPORT

Die lede het die voorreg om hulle verslag rakende die jaarlikse finansiële state van FEDSAS vir die jaar geëindig 31 Desember 2020 voor te lê.

The members have pleasure in submitting their report on the annual financial statements of FEDSAS for the year ended 31 December 2020.

**1. Aard van besigheid**

FEDSAS is geïnkorporeer en is werksaam in Suid-Afrika en is hoofsaaklik betrokke by die ondersteuning van skoolbeheerliggame by die uitvoering van hulle pligte.

**1. Nature of business**

FEDSAS was incorporated and operates in South Africa and is involved in assisting school governing bodies in the performance of their duties.

Gedurende die jaar het geen wesenlike veranderinge plaasgevind ten opsigte van die besigheidsaktiwiteite nie.

There have been no material changes to the nature of the society's business from the prior year.

**2. Hersiening van finansiële resultate en aktiwiteite**

Die Jaarlikse Finansiële State is opgestel in ooreenstemming met die Internasionale Verslagdoeningstandaard vir Klein- en Medium-groote entiteite en die vereistes van die Grondwet van die Nasionale Raad. Hierdie rekeningkundige beleid is in ooreenstemming met die vorige periode.

**2. Review of financial results and activities**

The Annual Financial Statements have been prepared in accordance with International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities and the requirements of the Constitution of the National Council. The accounting policies have been applied consistently compared to the prior year.

Volledige besonderhede van die finansiële posisie, die bedryfsresultate en die kontantvloei van die onderneming word in hierdie finansiële jaarstate uiteengesit.

Full details of the financial position, results of operations and cash flow of the organisation are set out in these Annual Financial Statements.

**3. Versekering en risikobestuur**

Die onderneming volg 'n beleid om jaarliks risiko's te identifiseer wat verband hou met bates en moontlike laste voortspruitend uit besigheidstransaksies. Waar dit moontlik is word bates outomaties ingesluit. Daar is ook deurlopende batesrisiko-kontroleprogramme wat uitgevoer word tesame met die versekeringsmakelaars van die organisasie. Alle risiko's word geag behoorlik gedek te wees, behalwe vir die politieke risiko's, in die geval waar soveel dekking as wat redelik beskikbaar is gereël is.

**3. Insurance and risk management**

The organisation follows a policy of reviewing the risks relating to assets and possible liabilities arising from business transactions with its insurers on an annual basis. Wherever possible assets are automatically included. There is also a continuous asset risk control programme, which is carried out in conjunction with the organisation's insurance brokers. All risks are considered to be adequately covered, except for political risks, in the case of which as much cover as is reasonably available has been arranged.

**4. Lede**

Die lede in ampsoffisiële posisies op die datum van die verslag is as volg:

**4. Members**

The members in office at the date of this report are as follows:

**Lede**

Dr S Mellors (Voorsitter)  
Mnr PHT Colditz (Hoof Uitvoerende Beapmte)

**Members**

Dr S Mellors (Chairperson)  
Mr PHT Colditz (Chief Executive Officer)

FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG  
31 DESEMBER 2020

FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED  
31 DECEMBER 2020

LEDE SE VERSLAG

MEMBERS' REPORT

**5. Eiendom, aanleg en toerusting**

Daar was geen verandering in die aard van eiendom, aanleg en toerusting van die organisasie of in die beleid rakende hulle gebruik nie.

Op 31 Desember 2020 het die onderneming se belegging in eiendom, aanleg en toerusting R208 088 (2019: R164 524) beloop, waarvan R98 604 (2019: R199 833) in die huidige jaar toegevoeg is.

**6. COVID-19**

Sedert 29 Februarie 2020 het die verspreiding van COVID-19 verskeie plaaslike ekonomieë regoor die wêreld wesenlik beïnvloed. In baie lande was ondernemings gedwing om bedrywighede vir lang of onbepaalde tye te staak of te beperk. Daar is verskeie maatreëls genee die verspreiding van die virus te beperk, insluitend 'n reisverbod, isolasie, sosiale afstande en die sluiting van nie-noodsaaklike dienste het wêreldwyd beduidende onderbrekings veroorsaak wat 'n verswakking in die land se ekonomie tot gevolg gehad het. Aandele markte wêreldwyd het ook 'n groot wisselvalligheid en 'n beduidende verswakking ervaar. Regerings en sentrale banke het gereageer met monetêre en fisiese ingrypings om die wêreld se ekonomiese toestande te stabiliseer.

Die organisasie is 'n vereniging vir skoolbeheerliggame wat regdeur die grensel tydens kon handel dryf. As gevolg van die entiteit wat aan die begin van die jaar 'n wesenlike deel van hul ledegeld reeds ontvang het en die werknemers wat kon werk van hulle huise sedert die grensel tydens, het die entiteit se uitgawes afgeneem. Omdat daar voldoende fondse in die entiteit se bankrekening beskikbaar is as gevolg van die lidmaatskapsgelde wat vooraf ontvang is en daar 'n afname in die dag tot dag uitgawes van die entiteit is, verwag die lede dat die impak op die onderneming se finansiële posisie en prestasie beperk sal wees.

Die duur en impak van die COVID-19-pandemie, sowel as die doeltreffendheid van die regering en reserwebank se maatreëls, is tans nog onduidelik. Dit is nie moontlik om die duur en omvang van die nagevolge betroubaar te skat nie en wat die gevolge, asook die impak daarvan op die finansiële posisie en resultate van die entiteit vir toekomstige tydperke gaan hê nie.

Die lede is nie bewus van enige ander wesenlike gebeurtenis wat na die verslagdoeningsdatum en tot op die datum van hierdie verslag plaasgevind het nie.

**5. Property, plant and equipment**

There was no change in the nature of the property, plant and equipment of the organisation or in the policy regarding their use.

At 31 December 2020 the organisation's investment in property, plant and equipment amounted to R208 088 (2019: R164 524), of which R98 604 (2019: R199 833) was added in the current year through additions.

**6. COVID-19**

Since 29 February 2020, the spread of COVID-19 has severely impacted many local economies around the globe. In many countries, businesses were being forced to cease or limit operations for long or indefinite periods of time. Measures taken to contain the spread of the virus, including travel bans, quarantines, social distancing, and closures of non essential services have triggered significant disruptions to business worldwide, resulting in an economic slowdown. Global stock markets have also experienced great volatility and a significant weakening. Governments and central banks have responded with monetary and physical interventions to stabilise world economic conditions.

The organization is trading as a school governing body association that could operate throughout lockdown. Due to the entity receiving a material part of their membership fees in the beginning of the year and the employees working from home since lockdown the entity's expenses decreased. Due to there being sufficient funds in the entity's bank account from membership fees received in advance and there being a decrease in the day to day expenses of the entity, the members expect that there will be limited impact on the entity's financial position and performance.

However, the duration and impact of the COVID-19 pandemic, as well as the effectiveness of government and central bank responses, remains unclear at this time. It is not possible to reliably estimate the duration and severity of these consequences, as well as their impact on the financial position and results of the entity for future periods.

The members are not aware of any other material event which occurred after the reporting date and up to the date of this report.

**FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG  
31 DESEMBER 2020**

**FINANCIAL STATEMENTS FOR THE YEAR ENDED  
31 DECEMBER 2020**

**LEDE SE VERSLAG**

**MEMBERS' REPORT**

**7. Lopende saak**

Die Jaarlikse Finansiële State is opgestel op grond van rekeningkundige beleid wat op 'n lopende saak-grondslag gebaseer was. Dié grondslag veronderstel dat daar fondse sal wees om toekomstige bedrywighede te befonds en dat die realisering van bates en die vereffening van laste, voorwaardelike aanspreeklikhede en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

Soos in aantekeninge 16 genoem, is die lede bewus van die BTW-implikasie wat moontlik druk op die toekomstige kontantvloei sowel as die lopende saak-aanname kan plaas.

**8. Ouditeur**

Core Audit Ingelyf is in 2020 as ouditeur van die onderneming voortgesit.

Tydens die algemene jaar vergadering sal die lede gevra word om Core Audit Incorporated weer aan te stel as onafhanklike eksterne ouditeur van die organisasie en om te bevestig dat Me D Mc Lean die aangewese ouditeur vir die 2021 finansiële jaar sal wees.

**8. Datum van magtiging vir uitreik van finansiële state**

Die Jaarlikse Finansiële State is deur die raadslede op 27 Maart 2021 gemagtig vir uitreiking. Geen magtiging is aan enige iemand gegee om die Finansiële State te wysig na die datum van uitreiking nie.

**7. Going concern**

The Annual Financial Statements have been prepared on the basis of accounting policies applicable to a going concern. This basis presumes that funds will be available to finance future operations and that the realisation of assets and settlement of liabilities, contingent obligations and commitments will occur in the ordinary course of business.

As stated in note 16, the members are aware of the VAT implications that may put pressure on future cash flows as well as the going concern assumption.

**8. Auditors**

Core Audit Incorporated continued in office as auditor for the organisation for 2020.

At the annual general meeting, the members will be requested to reappoint Core Audit Incorporated as the independent external auditor of the organisation and to confirm Me D Mc Lean as the designated lead audit partner for the 2021 financial year.

**8. Date of authorisation for issue of financial statements**

The Annual Financial Statements have been authorised for issue by the members on 27 March 2021. No authority was given to anyone to amend the financial statements after the date of issue.

## ONAFHANKLIKE OUDITEURVERSLAG

### Aan die lede van FEDSAS

#### Ouditverslag van die Jaarlikse Finansiële State

##### Mening

Ek het die jaarlikse finansiële state van FEDSAS, soos uiteengesit op bladsy 11 tot 22 geaudit, wat bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2020, die staat van omvattende inkomste, staat van veranderings in ekwiteit en staat van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide.

Na ons mening, is die jaarlikse finansiële state redelik aangebied, in alle wesenlike opsigte, wat insluit die staat van finansiële posisie van FEDSAS soos op 31 Desember 2020, asook die finansiële prestasie en kontantvloeï vir die jaar wat op daardie datum geëindig het in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagsdoeningstandaard vir klein en medium-grootte entiteite en die vereistes van die samestelling van die Nasionale Raad.

##### Grondslag vir mening

Ons het die audit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde ('ISAs') uitgevoer. Ons verantwoordelikhede in terme van die standaard word verder beskryf in die Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die Jaarlikse Finansiële State-afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die onderneming in ooreenstemming met die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditore (IRBA Kode) en ander onafhanklikheid vereistes toepaslik op die uitvoer van audits van finansiële state in Suid-Afrika. Ons het die ander etiese verantwoordelikhede in ooreenkomstig met die IRBA-kode en in ooreenstemming met ander etiese vereistes van toepassing op die uitvoer van audits in Suid-Afrika vervul. Die IRBA-kode is konsekwent met die ooreenstemmende afdelings van die 'International Ethics Standards Board for Accountant's International Code of Ethics for Professional Accountants' (insluitende Internasionale Onafhanklikheid Standaarde) onderskeidelik. Ons glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

##### Stuël ouditaangeleenthede - wesenlike onsekerheid rakende lopende saak

Ek vestig aandag op Aantekening 16 en 17 van die jaarlikse finansiële state rakende die voorwaardelike verpligting as gevolg van die nie-nakoming van die BTW wet in die vorige jare, wat daarop dui dat dit weens die voorwaardelike verpligtinge en die onsekerheid ten opsigte van die onderhandelinge se uitkoms met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, die gebeurtenis of toestand daarop dui dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan wat twyfel kan veroorsaak oor die vermoë van die organisasie om voort te gaan as 'n lopende saak. Ons mening is nie gemodifiseer in terme van hierdie aangeleentheid nie.

##### Ander inligting

Die raadslede is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting ingesluit in die dokument met die titel "FEDSAS jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2020", wat die Raadsledeverslag en die aanvullende inligting soos uiteengesit in bladsye 23 tot 24 insluit, wat ons verkry het voor die datum van hierdie verslag. Die ander inligting sluit nie die jaarlikse finansiële state en ons ouditeursverslag daarop in nie.

Ons mening oor die jaarlikse finansiële state dek nie die ander inligting nie en ek spreek geen vorm van gerusstelling daarvoor uit nie.

## INDEPENDENT AUDITORS' REPORT

### To the members of FEDSAS

#### Report on the Audit of the Annual Financial Statements

##### Opinion

I have audited the annual financial statements of FEDSAS set out on pages 11 to 22, which comprise the statement of financial position as at 31 December 2020, and the statement of comprehensive income, statement of changes in equity and statement of cash flows for the year then ended and notes to the annual financial statements, including a summary of significant accounting policies

In our opinion, the annual financial statements present fairly, in all material respects, the financial position of FEDSAS as at 31 December 2020, and its financial performance and cash flows for the year then ended in accordance with International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities and the requirements of the Constitution of the National Council.

##### Basis for opinion

We conducted our audit in accordance with International Standards on Auditing (ISAs). Our responsibilities under those standards are further described in the Auditor's Responsibilities for the Audit of the Financial Statements section of our report. We are independent of the company in accordance with the Independent Regulatory Board for Auditor's Code of Professional Conduct for Registered Auditors (IRBA Code) and other independence requirements applicable to performing audits of financial statements in South Africa. We have fulfilled our other ethical responsibilities in accordance with the IRBA Code and in accordance with other ethical requirements applicable to performing audits in South Africa. The IRBA Code is consistent with the corresponding sections of the International Ethics Standards Board for Accountant's Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards). We believe that the audit evidence we obtained is sufficient and appropriate to provide a basis for our opinion.

##### Emphasis of Matter – material uncertainty relating to going concern

I draw attention to Note 16 and 17 of the annual financial statements regarding the contingent liability as a result of the non-compliance to the VAT Act in the previous years, which indicated that due to the contingent liability and the uncertainty with regards to the negotiation outcome with SARS, this event or condition indicates that a material uncertainty exists that may cause significant doubt on the organisation's ability to continue as a going concern. Our opinion is not modified in respect of this matter.

##### Other information

The members are responsible for the other information. The other information included in the document titled "FEDSAS annual financial statements for the year ended 31 December 2020", which includes the Member's Report and the supplementary information as set out on pages 23 to 24. The other information does not include the annual financial statements and our auditor's report thereon.

Our opinion on the annual financial statements does not cover the other information and I do not express an audit opinion or any form of assurance conclusion thereon.

In verband met ons audit van die jaarlikse finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die jaarlikse finansiële state of kennis verkry gedurende die audit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons, gebaseer op die werk wat ons uitgevoer het, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om te rapporteer in die verband nie.

#### **Verantwoordelikhede van die raadslede vir die Jaarlikse Finansiële State**

Die raadslede is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die jaarlikse finansiële state ooreenkomstig met die Internasionale Finansiële Standaarde vir klein en medium grootte-entiteite en die vereistes van die Grondwet van die Nasionale Raad, asook vir die interne kontrole wat deur die lede bepaal is soos benodig om die voorbereiding van die jaarlikse finansiële state moontlik te maak wat sonder wesenlike wanvoorstellings mag wees, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die jaarlikse finansiële state is die raadslede daarvoor verantwoordelik om die entiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en waar toepaslik aangeleenthede wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopende saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die raadslede beplan om die groep en / of die organisasie te likwiede of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om so te maak nie.

#### **Ouditeur se verantwoordelikhede vir die audit van die Jaarlikse Finansiële State**

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry dat die jaarlikse finansiële state as 'n geheel sonder wesenlike wanvoorstelling is, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n audit wat ooreenkomstig die ISAs uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor wanneer dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie jaarlikse finansiële state geneem word, sal beïnvloed.

As deel van 'n audit ooreenkomstig die ISAs, oefen ek professionele oordeel uit en handhaaf ek professionele skeptisisme gedurende die audit. Insluitende:

- Identifiseer en beoordeel die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die Jaarlikse Finansiële State, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer prosedures uit na aanleiding van daardie risiko's, en verkry auditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die audit ten einde auditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur bestuur gemaak is.

In connection with our audit of the financial statements, our responsibility is to read the other information and, in doing so, consider whether the other information is materially inconsistent with the financial statements or our knowledge obtained in the audit, or otherwise appears to be materially misstated. If, based on the work I have performed, I conclude that there is a material misstatement of this other information, I am required to report that fact. I have nothing to report in this regard.

#### **Responsibilities of the board members for the Annual Financial Statements**

The members are responsible for the preparation and fair presentation of the annual financial statements in accordance with International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities and the requirements of the Constitution of the National Council, and for such internal control as the members determine is necessary to enable the preparation of annual financial statements that are free from material misstatement, whether due to fraud or error.

In preparing the annual financial statements, the members are responsible for assessing the organisation's ability to continue as a going concern, disclosing, as applicable, matters related to going concern and using the going concern basis of accounting unless the members either intend to liquidate the organisation or to cease operations, or have no realistic alternative but to do so.

#### **Auditor's responsibilities for the audit of the Annual Financial Statements**

Our objectives are to obtain reasonable assurance about whether the annual financial statements as a whole are free from material misstatement, whether due to fraud or error, and to issue an auditor's report that includes our opinion. Reasonable assurance is a high level of assurance, but is not a guarantee that an audit conducted in accordance with International Standards on Auditing will always detect a material misstatement when it exists. Misstatements can arise from fraud or error and are considered material if, individually or in the aggregate, they could reasonably be expected to influence the economic decisions of users taken on the basis of these annual financial statements.

As part of an audit in accordance with International Standards on Auditing, I exercise professional judgement and maintain professional scepticism throughout the audit. I also:

- Identify and assess the risks of material misstatement of the annual financial statements, whether due to fraud or error, design and perform audit procedures responsive to those risks, and obtain audit evidence that is sufficient and appropriate to provide a basis for our opinion. The risk of not detecting a material misstatement resulting from fraud is higher than for one resulting from error, as fraud may involve collusion, forgery, intentional omissions, misrepresentations, or the override of internal control.
